

Anders as wat die indruk kan wees, is inheemse rasse, soos die Boran, wel aangepas om in kommersiële stelsels of voerkrale te presteer.

Die Boran-beestelersgenootskap van Suid-Afrika en die boerdery Hurwitz het onlangs besluit om van die wanopvattinge oor die Boran se prestasie in voerkrale in perspektief te stel.

Hulle het 'n groep van 36 rasegte Boran-uitskotbeeste in 'n voerkraal afgerond en by die Devon-slagplaas laat slag om die ekonomiese prestasie van die beeras met behulp van die proef se resultate te bepaal.

Mnre. Christopher Havenga, rasadviseur by die telersgenootskap, Jan de Jong, interrasbeoordelaar en senior slagveebeoordelaar, Simeon Hurwitz, voorsitter van die telersgenootskap, en Jaren Hurwitz, eienaar van Hurwitz-voerkrale, was deel van die span wat die proef se resultate ontleed en die proses gelei het.

Hurwitz-voerkrale is 'n bekende voerkraal in Mpumalanga, en Hurwitz Farming het die grootste geregistreerde Borankudde in Suid-Afrika. Gevolglik kan hy maklik die ras se potensiaal raaksien.

“Die Boranbees het talle goeie eienskappe. Een van die eienskappe wat uitstaan, is die ras se potensiele basterkrag wanneer die Boran met die korrekte ras gekruis word. Hierdie voordeel is geneties bewys en is een van die eienskappe wat vir voerkrale aantreklik is,” sê Simeon.

Kruisrasdiere is egter nie in hierdie proef getoets nie.

STRENG SELEKSIE

Simeon meen die telersgenootskap het die afgelope paar jaar moeite gedoen om die ras se goeie eienskappe in Borankudde landwyd vas te lê deur 'n streng keuringstrategie te volg.

“Met streng seleksie vestig ons die goeie raseienskappe van die Boran wat so gesog is in ander Afrikalande, ook hier

Studie wys Boran kán in voerkraal presteer

Die Boran-beestelersgenootskap van Suid-Afrika en 'n boerdery in Mpumalanga het 'n proef van stapel gestuur om duidelikheid te kry oor die goeie eienskappe van die Boran en te bewys dat beeste van dié ras ideaal is vir voerkrale.



'n Groep Boranbulle wat deel was van die proef.

in Suid-Afrika.”

Die telersgenootskap het 'n proses bestuur waarin byna 500 Boranbeeste aan die Beesgenomikaprogram deelgeneem het. Die steekproef verteenwoordig teeldiere van al die moontlike lyne en lande van oorsprong van die ras.

Die doel was nie net om die ras se goeie eienskappe te identifiseer nie, maar om boere wat Borane besit, te help om die ekonomiese en kommersiële waarde te verbeter.

DIE PROEF

Die kalwers wat deel van die proef was, is langer as gewoonlik op natuurlike veld gehou voordat hulle in die voerkraal opgeneem is.

Hulle was dus reeds ouer en swaarder as die gewone speen-

kalf met opname.

Die meeste van die groep is in 2016 gebore, en 14 is in 2017 gebore.

Met dit in gedagte was die uitslae van die proef bo verwagting. 'n Mens sou verwag dat die meeste van die karkasse op grond van ouderdom en tandontwikkeling klas B of klas C sou wees, maar 47% van die karkasse is as klas A geklassifiseer, 42% as klas AB en 11% as klas B.

Die groep het gemiddeld 283,72 kg geweeg tydens die opname in die voerkraal.

Nadat hulle 132 dae gestaan het, was hul gemiddelde gewig 518,89 kg met slagtyd. Die groep se gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) was dus 1,78 kg en die voeromsettingsyfer (VOV) 5,55.

Geen groeibevorderaars is vir

die beeste gevoer nie.

Die diere het 'n uitslagsyfer van gemiddeld 55,73% gehad.

Nog 'n bevinding wat in die Boran se guns tel, is dat geen vrektes of siektes onder die groep van 132 beeste wat in die voerkraal was, voorgekom het nie. Hulle het geen medikasie ontvang of enige gesondheidsprobleme getoon nie.

RESULTATE VAN DIE TOETSGROEP

Die groep is 33 dae voor slagtyd geweeg:

- Die gemiddelde gewig van die lewende diere was 469,58 kg.
- Die VOV (droë materiaal) was 5,41
- Die GDT was 1,89 kg.

Die groep was in dié stadium eintlik slaggereed, maar daar is besluit om die beeste 'n ruk lan-



Van links is mnr. Christopher Havenga, rasadviseur van die Boran-beestelersgenootskap van Suid-Afrika, Jarren en Simeon Hurwitz, eienaars van Hurwitz Farming, me. Jeannie du Plessis, bemerkings-en-stoetery-bestuurder van Hurwitz Farming, en mnr. Jan de Jong, interrasbeoordelaar en senior slagveebeoordelaar. Hulle is die span wat aan die stuur van die Boranproef gestaan het.



BH16 147 is een van die bulle wat geslag is. Sy gewig met slagtyd was 690 kg en sy GDT 2,1 kg.



LINKS: Mnr. Simeon Hurwitz, Christopher Havenga en Jan de Jong bekyk die karkasse by die abattoir.



Die karkasse van die Boran-bulle net ná hulle geslag is.

ger in die voerkraal te hou sodat nog data versamel kon word. Die GDT het daarna gedaal. Dit bewys dat diere wat verby slaggeereedheid in die voerkraal gehou word, 'n swakker VOV toon.

Die verswakking in VOV en GDT kan ook toegeskryf word aan die beste se ouderdom, aangesien jonger kalwers 'n aansienlik doeltreffender VOV het en GDT afneem wanneer die diere volgroeid is.

Beeste in dié tydperk sal meer vet vinniger opberg as wat hulle spiergewig aansit. Dit is 'n minder doeltreffende voedingsproses omdat diere meer voer benodig om vet aan te sit as wat hulle vleis aansit.

Met dit alles in ag geneem, was die uiteindelijke resultate van die voer en slag van die toetsgroep bo verwagting. Die vetlaagbedekking van die groep was bogenoemd in sommige van die karkasse. Dit was egter te wagte vanweë die verlengde voertyd-

perk in die voerkraal.

Die resultate van die vetheidsgradering was soos volg:

- 2-gradering – 50%.
- 3-gradering – 39%.
- 4-gradering – 3%.
- 5-gradering – 0%.
- 6-gradering – 8%.

Dit is bemoedigend dat ouer diere wat aan 'n intensiewe voedingsstelsel vir 'n langer tydperk blootgestel is en verby die gewone voerkraalslaggewig was, steeds 'n aanvaarbare vetgradering ontvang het, met net 'n klein aantal karkasse waarvan die vetgradering as uitermatig vet geklassifiseer is.

As die diere wel groeibevorderaars ontvang het, kon 'n mens minder vetverspreiding verwag het. Dit kon tot laer vetgraderings, beter vleisopbrengs en 'n hoër vleis-tot-been-verhouding gelei het.

Mnr. Dick Ferreira, bestuurder van die Devon-slagplaas, sê hoewel van die karkasse 'n hoër

vetgradering ontvang het, is die liggaamsvet van die karkasse binne aanvaarbare vlakke.

Dit het hom verras omdat dit nie gewoonlik die geval is met karkasse wat vetter is nie.

Uitermatige liggaamsvet is 'n ongewilde eienskap by vleishandelaars en is 'n aanduiding van vrugbaarheidsprobleme en ondoeltreffendheid by beeste. Dit is dus verrassend hoe laag die liggaamsvet van die groep is.

Dit kan toegeskryf word aan 'n oorerflike geen van die Boran wat die beeras se doeltreffendheid en gunstige liggaamsbou beklemtoon.

Die slagplaas het twee agterkwarte van die toetsgroep ontbeëen om nog data in te samel. Die vet- en beeninhoud van hierdie agterkwarte was 2% laer as die algemene bloktoets, wat baie gunstig is omdat die vleisbedryf 'n groter vleisopbrengs en 'n laer vet- en beeninhoud soek. **LBW**

OPSOMMING VAN DIE RESULTATE

Gemiddelde gewig:	
In (voerkraal toe)	283,72 kg
Uit (slag)	518,89 kg
Totale gewigstoename	235,17 kg
Totale tydperk in voerkraal	132 dae
Groep se gemiddelde GDT	1,78 kg
Totale warm karkasgewig	10 623,70 kg
Totale koue karkasgewig	10 411,23 kg
Gemiddelde koue karkasgewig	289,20 kg
Groep se gemiddelde uitslagpersentasie	55,73
Totale voerverbruik (soos gevoer)	68 900 kg
Gemiddelde daaglikse voerinname (soos gevoer)	14,50 kg
Totale voerverbruik (droëmateriaal)	46 945,50 kg
Gemiddelde daaglikse voerinname (droëmateriaal)	9,88 kg
Voeromsetting (droëmateriaal)	5,55

➤ NAVRAE: Boran-telersgenootskap van Suid-Afrika: e-pos: boran@studbook.co.za; web: www.boran.org.za; 051 410 0961.